03 Julie 2020

WEEKLIKSE

PITKOS

RANDAGRI

PITKOS

INHOUD

Weer
- Plaaslike weervooruitsigte
- Weervooruitsigte vir die VSA

Pariteite
Invoer- en uitvoerpariteite van geelmielies

Internasionale landbou
- Afrikafokus: Malawi
- VSA: aanplantingsvordering

Plaaslike landbou
- In- en uitvoer van mielies
- Produsentelewerings

Nuus
Nasionale- en Internasionale nuus

Wisselkoers
Oorsig oor die ZAR en VSA dollar-beweging

Prys-risikobestuur
Minimum/Maksimum opsie-strategie

PLAASLIKE

WEER



Veertien-dae weervooruitsig:

In die Wes-Kaap kan wintergraanprodusente beperkte reënval in die volgende twee weke verwag.

Droë en koue weer word vir die res van die land voorspel wat die oestempo sal versnel.

INTERNASIONALE

WEER

Noord-Amerika:

Bo-gemiddelde reënval in die noordelike vlaktes van Amerika, waar grondvog reeds baie beperk is, sal verwelkom word.

Minimale reënval word vir die mieliegordel voorspel.



RANDAGRI

INVOER- EN UITVOER-

PARITEITE



	AUG ’20	SEP ’20	DES ’20	MAR '21
PMB-invoerpariteit	R3 388	R3 379	R3 480	R3 600
Kaap-invoerpariteit	R3 227	R3 212	R3 258	R3 385
SAFEX geelmielies	R2 784	R2 784	R2 856	R2 872
Uitvoerpariteit	R2 601	R2 605	R2 641	R2 693

INTERNASIONALE

LANDBOU

FOKUS: Malawi

Mielies:

- Pryse beweeg sywaarts weens konstante invoere afkomstig vanaf Zambië.
- Goeie weerstoestande sorg vir ‘n bo- normale oes.
- Jaarlikse verbruik is steeds onveranderd op ongeveer 3 miljoen ton.
- Die regering se tweede oesskatting staan op 3,05 miljoen ton, wat heelwat kleiner is as die vorige skatting van 3,2 miljoen ton.
- Die kleiner oesskatting is steeds in lyn met die jaarlikse verbruik en sal invoere beperk.

Bron:
Commodity Insight Africa
- Jacques Pienaar

INTERNASIONALE

LANDBOU

VSA: oestoestande soos op 29 Junie 2020

Mielies:	Uitstekend = 16%	Sojabone:	Uitstekend = 13%
	Goed = 57%		Goed = 58%
	Gemiddeld = 22%		Gemiddeld = 24%
	Swak = 4%		Swak = 4%
	Baie swak = 1%		Baie swak = 1%

PLAASLIKE

LANDBOU

2020/21-seisoen

Witmielies

- Uitvoer = 162 299 t
- Vorige week = 18 253 t
- Invoer = 0 t

Geelmielies

- Uitvoer = 316 778 t
- Vorige week = 89 098 t
- Invoer = 0 t
- Vorige week = 0 t



PLAASLIKE

LANDBOU

Kumulatiewe oliesade-produsentelewerings soos op 25 Junie





PLAASLIKE

LANDBOU

Kumulatiewe mielie-produsentelewerings soos op 25 Junie





WISSELKOERS

R/$

DOLLAR - RAND CHART

Die Suid-Afrikaanse geldeenheid het op Woensdag, 2 Julie deur die sielkundige weerstandsvlak van R17 teen die US dollar gebreek. Dit was die beste lopie sedert die uitbreek van die coronavirus-pandemie en Moody's se kredietafgradering. Dit volg op 'n positiewe verskuiwing in die sentiment in wêreldmarkte, die verswakking van die dollar weens grootskaalse protes-aksie in die land en voortslepende spanning met China.

Op die tegniese analise kan daar waargeneem word word dat die rand verder wil versterk, met die volgende teikenvlak op R16,50.

NASIONALE EN INTERNASIONALE

NUUS

Sterk winde en gebrek aan grondvog in die noodelike vlaktes van die VSA



In die noordelike vlaktes van Amerika,wat Dakota en Minnesota insluit, word die tempo van nuwe aanplantings vertraag deur ‘n gebrek aan grondvog en stormsterk winde. Die totale aanplantings asook groeitoestande sal van die volgende twee weke se weer afhang. Reënval is nou dringend nodig om voldoende grondvog te verskaf.

Lees meer by:
http://www.farmingportal.co.za/index.php/farming-news/africa-world/4586-strong-winds-moisture-shortages-in-north-america

Mening:
Onvoldoende vog sal aanplantings stuit en ‘n negatiewe effek op die totale produksie hê.

Landbousektor skyn lig in die donker tye

Die Suid-Afrikaanse landbousektor het met 27,8% gegroei terwyl die nasionale ekonomie met 2% gekrimp het. Die sterk landbou-ekonomiese groei het 50 basispunte tot die land se bruto binnelandse produk bygedra. Wandihle Sishlobo, hoof-ekonoom van Agbiz, glo dat die landbou-ekonomie met 10% op ‘n jaargrondslag sal groei teenoor die vorige jaar se inkrimping van 6,9%.

Lees meer by by:
https://www.netwerk24.com/landbou/Nuus/bbp-landbou-bons-terug-na-moeilike-jaar-20200630

Mening:
Die landbousektor se positiewe ekonomiese groei sal bydra tot nasionale ekonomiese groei, wat ondersteunend vir die Suid Afrikaanse geldeenheid sal wees.

Hoër brandstofpryse tref graanprodusente hard

Diesel, wat vanaf die begin van Julie met meer as R1,50 per liter gestyg het, sal ‘n doring in die vlees wees vir graanprodusente. Volgens mnr. Corné Louw van Graan SA sal die impak van die styging in die dieselprys van so aard wees dat insetkostes met R44 per hektaar sal toeneem. Gegewe Suid-Afrika se nasionale aanplantings van 2,6 miljoen hektaar, sal dit beteken dat die totale koste met R114 miljoen sal styg. Boere sukkel reeds om brandstof in groot maat aan te koop weens die tekort in die land en die prysstyging sal die effek van die tekorte verswaar. Dit het reeds ‘n geweldige negatiewe impak op produseerders.

Lees meer by: https://www.farmersweekly.co.za/agri-news/south-_africa/imminent-price-hike-could-exacerbate-diesel-_shortages/

Mening:
Hoër insetkostes sal graanprodusente se winste verklein en moontlik die totale aanplantings vir die nuwe seisoen beïnvloed.

OPSOMMING

- Droë toestande oor Suid-Afrika sal die oestempo in die ooste asook die weste van die land ondersteun.
- Amerika kan droër weer in die mieliegordel verwag, wat moontlik ‘n negatiewe impak op graankondisies sal hê.
- Suid-Afrikaanse geelmielies het van uitvoerpariteit af weg beweeg en verhandel nou tussen Kaap- en uitvoerpariteit.
- Die Suid-Afrikaanse wisselkoers verhandel sterker teenoor die VSA dollar en plaas plaaslike graanpryse onder druk.

PRYS

RISIKOBESTUUR

Minimum/Maksimumprys:

Hoe werk dit?

'n "Put" opsie word vir die kliënt aangekoop om 'n minimumvlak vas te stel. Om die koste laag te hou, word daar terselfdertyd 'n "call" opsie verkoop, wat die maksimumprys vir die kliënt vasstel.

Indien die markprys in die toekoms die maksimumvlak ("call" opsie) bereik, ontvang die kliënt 'n kort "future" posisie wat hulle dwing om hulle produk teen dié vlak te lewer.

Indien die minimumvlak (lang "put" opsie) van die markprys bereik word, is die kliënt daarvan verseker dat hulle teen die minimumvlak kan lewer, ongeag hoe ver die mark onder die vlak daal.

Veronderstel die kliënt doen 'n min/maks prys soos op die grafiek:

Die kliënt koop 'n "put" opsie @ R2 560 (minimumvlak) teen 'n koste van R120/t. Die kliënt verkoop 'n "call" opsie @ R3 000 (maksimumvlak) teen 'n premie van R25/t. Dus kan die kliënt nou 'n minimum van R2 560/t en 'n maksimum van R3 000/t vir hul graan ontvang.

Die strategie kos die kliënt in effek R120 (put) – R25 (call) = R95/t

Bulk Grain Trade and Supply
Safeguarding Prosperity
in Southern Africa
Servicing the agricultural commodity trade and grain processing communities with pride, since 2002.
Sourced, exported and delivered - directly to you.
A trusted expert on the JSE (Safex), specialising in hedging services.
Proudly delivering quality raw materials to millers and processors.
Wheat
White Maize
Yellow Maize
Sunflower Seeds
Sunflower Oil Cakes
(vegetable protein)
Soya Bean
Soya Bean Oil Cakes
(vegetable protein)
Our grains are promptly delivered to our clients' doorsteps for refining and processing.
Contact us today on +27 (0)13 243 1166 or visit www.randagri.co.za
RANDAGRI

KONTAK ONS



RANDAGRI

Tel: +27 (0) 13 243 1166
E-pos: info@randagri.co.za
Web: www.randagri.co.za
Adres: Samora Machelstraat 24,
Middelburg, Mpumalanga